# HOOFSTUK 1: INLEIDEND

## 1.1 OBJEK VAN STUDIE

### 1.1.1 *INLEIDEND*

Die objek van hierdie studie is die Jehovah-getuies en in die besonder die vraag of hulle 'n onchristelike kulte is of nie. Met die oog daarop is dit noodsaaklik dat eers duidelikheid gekry word oor die betekenis van die begrippe "Jehovah-getuies", "onchristelik" en "kulte".

### 1.1.2 *"JEHOVAH-GETUIES"*

Die godsdienstige groep wat in hierdie studie behandel word, is van Amerikaanse oorsprong (WTBTS, 1974:34 e.v.). Hulle verwys sedert 1931 na hulleself as "Jehovah's Witnesses" (vgl. 4.7). Hulle eie publikasies vertaal die naam in Afrikaans as "Jehovah se getuies" (WTBTS, 1956:226) of "Jehovah se Getuies" (WTBTS, 1985a:221). In die Afrikaanse volksmond, asook in werke wat in Afrikaans oor hierdie groep verskyn het, word egter omtrent deurgaans na hulle verwys sonder die "se" tussen "Jehovah" en "getuies". Laasgenoemde manier van verwysing word dan ook deur die skrywer gevolg, omdat die groep so bekendstaan onder Afrikaanssprekendes, omdat mense dus nie onseker is na wie verwys word nie en omdat dit 'n makliker manier is om na die groep te verwys.[1]

Hierdie weergawe van die naam van die groep word in die Afrikaanse literatuur op verskillende maniere gespel. Van der Walt (1987) praat in die titel van sy publikasie van "Jehowagetuies", De Bruyn (1974) van "Jehowa-getuies", Gaum (1977) van "Jehovasgetuies", Van Staden (1979) van "Jehova-getuies", en Louw (1977) en Stoker (1990) van "Jehovah-getuies". Laasgenoemde weergawe word in hierdie studie gebruik, aangesien dit die naaste is aan die wyse waarop die organisasie na hulleself verwys, asook omdat "Jehovah" die vier letters van die tetragrammaton bevat (vgl. 4.7 & 6.4).

### 1.1.3 *"ONCHRISTELIK"*

Die HAT (1965:584) omskryf "onchristelik" as iets wat "in stryd met die Christelike leer" is. "Onchristelik" word dan ook in hierdie studie hanteer as iets wat in stryd is met die algemene Christelike leer soos gefundeer op die Bybel as die Woord van God.

### 1.1.4 *"KULTE"*

In die Afrikaanse teologie word alle Christelike en sogenaamd Christelike godsdienstige groepe wat nie deel is van die bekende kerke en hulle leerstellings onderskryf nie, gewoonlik onder die noemer "sektes" saamgetrek. So behandel Müller (1970) in sy boek *Die vernaamste sektes in ons land* groepe soos die Jehovah-getuies en *Christian Science* saam met kerke soos die Apostoliese Geloofsending, die Volle-Evangelie-Kerk en die Pinkster Protestante Kerk.

Daar is 'n radikale verskil tussen die "Pinkstersektes" (Müller, 1970:6-7) en groepe soos die Jehovah-getuies en *Christian Science*. Hierdie verskil blyk byvoorbeeld daaruit dat die tradisionele Afrikaanse kerke, ondanks die verskille wat daar wel bestaan, eersgenoemde as geloofsgenote erken (byvoorbeeld ook hulle doop erken), maar nie groepe soos die Jehovah-getuies as ware Christene beskou nie (vgl. GKSA, 1979:85).

In die Amerikaanse literatuur word hierdie probleem opgelos deur onderskeid te maak tussen die begrippe "sect" en "cult". Die *Dictionary of Cults, Sects, Religions and the Occult* (Mather & Nichols, 1993:253) definieer "SECT" soos volg: "A religious group that broke away from an established, larger religious organization that the sect's members see as having become too worldly by compromising traditional religious beliefs and practices. The sect, unlike the CULT, seeks to restore traditional beliefs and practices. In doing so, it rejects many of society's values, but not in a threatening manner." Die HAT (1965:738) se definisie van 'n sekte as 'n "klein kerklike groep wat hom van 'n grotere losmaak" en die VAW (1993:750) se definisie van 'n sekte as 'n "groep mense wat 'n bepaalde vertolking van die godsdiens aanhang, afgeskei van die hoofkerk of die gevestigde godsdiens", kan heel goed met bogenoemde definisie van 'n "sect" saamgelees word.

Hierteenoor definieer Mather en Nichols (1993:86) "CULT" soos volg: "A relatively small, often transitory religious group that commonly follows a radical leader. A cult, unlike a SECT, espouses radically new religious beliefs and practices that are frequently seen as threatening the basic values and cultural norms of society at large. Therefore, people who are involved in cults frequently exhibit antisocial and neurotic behavior. In recent times, orthodox Christians have used the term to describe those religious groups that deny the TRINITY and specifically the diety of Jesus Christ. Their teachings are contrary to historic Christian ORTHODOXY. The three dynamics of a cult are sociological, psychological (behavioral), and theological."

Dit is nie die bedoeling van hierdie studie om die onderskeid tussen "sect" en "cult" in diepte te bespreek nie. Wat wel belangrik is, is dat daar ook in Afrikaans onderskeid tussen Christelike sektes en sogenaamde Christelike kultes gemaak moet word.[2] Die

afgelope aantal jare is reeds daarmee begin, onder andere by die vertaling van Amerikaanse werke in Afrikaans.[3] Verder staan 'n Suid-Afrikaanse organisasie wat hom daarop toelê om onder andere inligting oor groepe soos die Jehovah-getuies, Mormone, *Johannesburg Church of Christ*, Ou Apostels en Nuwe Apostels te verskaf, bekend as KIES (Kulte Inligting- en Evangelisasiesentrum).

Daar bestaan verskeie definisies van kultes (waaronder die een hierbo genoem) wat by mekaar aansluit en tog verskillende aspekte beklemtoon.[4] Om dit alles in 'n enkele definisie saam te vat, is haas onmoontlik (vgl. Stoner & Parke, 1977:3-4). In die volgende hoofstuk word gepoog om uit die definisies en navorsing wat oor kultes gedoen is die basiese eienskappe van kultes weer te gee.

Tog is dit noodsaaklik dat hier 'n voorlopige definisie van 'n kulte gegee word aan die hand waarvan die verdere studie gedoen word. In die lig van die bevindinge van die studie kan dan in die laaste hoofstuk weer hierop teruggekom word om 'n finale definisie te formuleer.

Vir die doel van hierdie studie word 'n godsdienstige kulte beskou as 'n godsdienstige groep wat sowel die aardse lewe as die ewige bestemming van hulle lede beheer. Die lede is in 'n sekere sin gevangenes van die leier(s), omdat laasgenoemde met "goddelike" gesag enigiets vir hulle kan sê en hulle dit moet gehoorsaam ter wille van hulle eie saligheid en hulle goeie verhouding met hulle Skepper.[5]

Onder die meer bekende groepe wat as kultes beskryf word in die Amerikaanse literatuur (vgl. Ankerberg & Weldon, 1991; Gruss, 1974; Martin, 1980; Martin, 1992), tel groepe soos die *Latter-day Saints* (Mormone), *Christian Science*, *Worldwide Church of God* (*Plain Truth*-groep), *Unification Church* (*Moonies*), *Scientology*, *The Way International*, en *The Children of God*.

In onlangse Afrikaanse literatuur wat wel die woord "cult" gebruik, word dit meestal met "kultus" vertaal.[6] Die skrywer verkies egter die woord "kulte" om die volgende redes:

* Die woord "kultus" het reeds 'n ander betekenis in Afrikaans, naamlik "verering" of "erediens" (HAT, 1965:487). Dit dui nie op spesifieke godsdienstige groepe nie, maar kan na enige godsdienstige groep se ritiese gebruike verwys.

* Die woord "kulte" is volgens die taalkundige, professor Hans du Plessis van Potchefstroom, 'n beter vertaling van "cult" as "kultus" (soos bespreek met hom deur die skrywer in 1991).

* Die woord "kulte" as vertaling van "cult" is in lyn met die woord "sekte" as vertaling van "sect" en "okkulte" as vertaling van "occult".

Na analogie van die meervoud van "sekte" wat "sektes" is, is die meervoud van "kulte" dan "kultes".

In aansluiting hierby moet daar ook 'n gepaste byvoeglike naamwoord en bywoord afgelei van "kulte" gevind word. Na analogie van "okkulties(e)" kan die woord "kulties(e)" gebruik word. Aangesien "kulties(e)" egter reeds 'n bestaande Afrikaanse woord is en aan "kultus" verbind word (VAW, 1993:418),[7] is daar in oorleg met professor Du Plessis besluit om 'n nuwe Afrikaanse woord te skep, naamlik "kultaries(e)". Soos wat die byvoeglike naamwoord en bywoord van "sekte" "sektaries(e)" is, is die byvoeglike naamwoord en bywoord van "kulte" dan "kultaries(e)".

## 1.2 PROBLEEMSTELLING EN DOEL

Is die Jehovah-getuies 'n onchristelike kulte? Dit is die probleemstelling wat in hierdie studie aan die orde kom in 'n neutedop saamgevat.

Die Jehovah-getuies beskou hulleself as die enigste "ware Christene", omdat hulle "as 'n groep en individueel" in opdrag van Christus getuig "oor God se naam en voorneme" (WTBTS, 1985a:396, 438). Die vraag is egter of hulle met reg daarop aanspraak kan maak dat hulle "Christene" is en of dit waarvan hulle "getuig" strook met die leer van die Bybel en die Christendom. Die vraag is van wesenlike belang, aangesien 'n voorlopige ondersoek daarop dui dat dit nie die geval is nie (vgl. Lewis, 1966:26; Spier, 1971:98-99, 162-164; Van Niekerk, s.a.:13).

Hiermee saam word ingegaan op die vraag of die Jehovah-getuies 'n kulte is. In Afrikaanse literatuur word daar meestal na die groep as 'n "sekte" verwys.[8] In veral die Amerikaanse literatuur word egter deesdae na groepe soos die Jehovah-getuies as "cults" verwys en nie as "sects" nie.[9] Die vraag is of die Jehovah-getuies wel aan die eienskappe van 'n kulte beantwoord en dus as sodanig beskryf kan word.

Die doel van hierdie studie is gevolglik om, vanuit gereformeerd-apologetiese hoek (vgl. 1.4), duidelikheid te verkry oor die vraag of die Jehovah-getuies as 'n onchristelike kulte beskryf kan en moet word al dan nie.

## 1.3 AKTUALITEIT EN NOODSAAKLIKHEID

Hoewel daar al heelwat navorsing plaaslik en in die buiteland gedoen is oor aspekte van die Jehovah-getuies se leer, geskiedenis en metodiek, is daar tog behoefte aan 'n wetenskaplik-gefundeerde, omvattende werk oor die Jehovah-getuies. Dit het veral nodig geword in die lig van die volgende:

* Die getalle van die Jehovah-getuies wêreldwyd en in Suid-Afrika toon vanaf die stigting van hierdie organisasie steeds 'n stygende lyn. Volgens die 1982-Jaarboek van die Jehovah-getuies (WTBTS, 1981:24-31) het die ledetal van die organisasie[10] in 1981 wêreldwyd op 2 247 486 en in Suid-Afrika op 26 503 gestaan. Tien jaar later (1991) het die ledetal van die organisasie aangegroei tot 4 071 954 wêreldwyd en tot 49 419 in Suid-Afrika (WTBTS, 1992:33-41). Die getalle van die organisasie het dus volgens hulle eie getuienis in een dekade bykans verdubbel. Dit maak 'n omvattende studie oor hierdie groep wat hulleself as Christene aandien van die grootste belang. Ook maak dit 'n kritiese evaluering van hulle eienskappe en werkwyse noodsaaklik.

* Deel van die Jehovah-getuies se bemarkingstrategie is hulle talle publikasies. Hierdie publikasies word ook deur die lede in Suid-Afrika veral by winkelsentrums, van huis tot huis en per pos versprei (vgl. De Bruyn, 1974:1, 20). In hierdie publikasies word die Christelike kerke en hulle leerstellings herhaaldelik aangeval (vgl. hfste. 6 & 7). Dit maak 'n apologetiese antwoord en kritiese evaluering van die organisasie aktueel en noodsaaklik.

* 'n Verdere deel van die Jehovah-getuies se bemarking van hulle idees, is dat van al die lede verwag word om hulle leerstellings aktief aan andere te verkondig (WTBTS, 1982:252-253). Dit veroorsaak dat daar baie mense is wat al op een of ander wyse gekonfronteer is en steeds word met die leer van hierdie organisasie. Die bevindinge van hierdie studie sal ook om hierdie rede aktueel wees.

* Die Jehovah-getuies se weiering om diensplig te verrig en om bloedoortapping te ontvang, is sake wat al in talle koerante en tydskrifte nuusdekking ontvang het (vgl. 7.9 & 7.10). Dit het waarskynlik ook al tot die dood van heelwat mense gelei (vgl. 7.9) en verhoog die aktualiteit en noodsaaklikheid van die studie verder.

Die afgelope aantal jare is al hoe meer navorsing oorsee (veral in die VSA) gedoen oor die kulteverskynsel. Dit is noodsaaklik dat die resultate van die navorsing ook in Suid-Afrika bekend word en dat die Jehovah-getuies hieraan getoets word.

Die studie oor die Jehovah-getuies, met as fokuspunt die vraag of hulle as 'n onchristelike kulte beskryf kan word, is dus besonder aktueel. Aangesien daar volgens inligting van die RGN bekom nog nie 'n studie oor die Jehovah-getuies as kulte onderneem is nie, is so 'n studie, in die lig van die aktualiteit van die onderwerp, tans ook baie noodsaaklik. Te midde van die verwarring en ontsteltenis wat die optrede van kultes tans elders in die wêreld en ook in Suid-Afrika veroorsaak,[11] kan so 'n studie 'n belangrike en noodsaaklike bydrae lewer tot die teologiese en apologetiese besinning in Suid-Afrika oor kultes in die algemeen en die Jehovah-getuies in die besonder. Daarby het uit ervaring geblyk dat daar ook baie lidmate van bestaande kerke is wat graag duidelikheid oor die onderwerp van hierdie studie sal wil kry.

## 1.4 UITGANGSPUNT

Hierdie studie gaan van die standpunt uit dat die Bybel die altydgeldende Woord van God is (vgl. Stoker, 1986:49-50). Die Bybel dien daarom as die finale outoriteit in die kritiese evaluering van die standpunte van die Jehovah-getuies in hierdie werk (vgl. NGB, 1987:489-490 - art. 7).

Wat die eksegetiese en hermeneutiese omgang met die Bybel betref, word van die standpunt uitgegaan dat die Bybel as onfeilbare Woord van God homself nie sal weerspreek nie. Goeie eksegese kan daarom net gedoen word deur Skrif-met-Skrif-vergelyking, omdat "die Skrif as kanon 'n eenheid is met 'n boodskap wat alleen verstaan kan word as elke woord van die Bybel gelees word in die lig van die geheel" (Jonker, s.a.:3). Dit hou ook in dat moeiliker verstaanbare dele van die Skrif verklaar word in die lig van makliker gedeeltes wat oor die saak handel (Coetzee *et al.*, 1980:29; Coetzee, 1990:15-32). Hiermee saam is dit van die grootste belang in die uitleg van die Skrif dat die konteks waarin 'n teks staan in ag geneem moet word.

Verder kan die gereformeerde leer, soos vervat in *Die Apostoliese Geloofsbelydenis*, *Die Geloofsbelydenisse van Nicea* en *Atanasius*, sowel as in *Die Nederlandse Geloofsbelydenis*, *Die Heidelbergse Kategismus* en *Die Dordtse Leerreëls* as uitgangspunt beskou word. Die leer van die Jehovah-getuies word egter nie in die eerste plek hieraan gemeet nie, maar aan die Skrif self. Die belydenisskrifte is immers gebaseer op die Skrif en erken dit as die hoogste en finale gesag.

## 1.5 METODE VAN ONDERSOEK

Die navorsing vir hierdie studie geskied hoofsaaklik deur middel van literatuurstudie, hoewel inligting ook verkry is uit persoonlike gesprekke wat oor 'n periode van vyf jaar

gevoer is met Jehovah-getuies, oudlede van die organisasie, familielede van Jehovah-getuies, asook lede, oudlede en familielede van lede van ander godsdienstige groepe.[12]

Wat die literatuurstudie betref, word die toepaslike stof van die Jehovah-getuies deur analise en sintese gekeur en georden om in te pas by die besondere opset van hierdie studie. Daar word gepoog om 'n oorsig te gee oor die ontwikkeling van die verskillende standpunte en leerstellings van die organisasie. Telkens word egter in diepte ingegaan op die organisasie se huidige siening van 'n bepaalde praktyk of leerstelling. Sover moontlik is die Afrikaanse uitgawes van die geskrifte van die Jehovah-getuies gebruik. Waar uit die Engelse uitgawes aangehaal is, is dit deur my so getrou as moontlik vertaal of net so in die Engels weergegee. Aangesien hulle nie oor 'n eie Afrikaanse Bybelvertaling beskik nie is hulle Engelse vertaling, die *New World Translation*, gebruik. Waar nodig is dit met hulle Nederlandse vertaling vergelyk.

Saam met die literatuurstudie van die toepaslike publikasies van die Jehovah-getuies self, is ook gebruik gemaak van navorsing van ander persone oor aspekte soos die wese van kultes, die geskiedenis van die Jehovah-getuies, hulle kronologiese berekenings, asook hulle leerstellings.

By die beoordeling van laasgenoemde word behalwe die Bybel wat as primêre bron dien, ook gebruik gemaak van die belydenisskrifte genoem in 1.4, kommentare en dogmatiese werke, om aan die hand daarvan tot die formulering van 'n eie standpunt te kom. Hierdie werke word wanneer nodig op die betrokke plekke genoem, maar aanhalings daaruit word slegs gegee en bespreek indien dit noodsaaklik is.

Die sienings van die Jehovah-getuies word egter deurgaans doelbewus primêr aan die hand van die Bybel geëvalueer. Die rede hiervoor is dat hulle in teenstelling met ander godsdienstige groepe soos byvoorbeeld die Mormone (vgl. Martin, 1992:177) nie net self sê dat hulle die Bybel as hoogste gesag erken nie, maar hulle ook by uitstek op die Bybel beroep as grond vir hulle optrede en leerstellings. Die 1953-vertaling van die Bybel in Afrikaans is deurgaans gebruik, omdat die Jehovah-getuies in hulle Afrikaanse literatuur self by voorkeur hieruit aanhaal, en omdat dit meer van 'n woord-vir-woord-vertaling as die 1983-vertaling is.

Die outeur van alle Jehovah-getuie-literatuur word in die teks aangedui met die afkorting "WTBTS", wat staan vir die amptelike naam van die organisasie, naamlik "Watchtower Bible and Tract Society". Die enigste uitsondering hierop is die tydskrifte van die organisasie waarna so baie verwys word dat hulle apart aangedui word, byvoorbeeld *Die Wagtoring* (of net *Wagtoring*),[13] *Ons Koninkryksbediening*, *Ontwaak!*, *The*

*Golden Age* en *Consolation*.[14] By die tydskrifte word die volledige datum[15] gegee en nie net die jaartal nie.

Anders as die normale gebruik in Afrikaans, word iets wat aan God behoort uit eerbied aangedui met die besitlike voornaamwoord "Sy" ('n hoofletter S), byvoorbeeld "Sy almag". In direkte aanhalings, byvoorbeeld uit die Bybel, word dit egter nie gedoen nie.

Persoonlike gesprekke wat gevoer is, is om verskeie redes (bv. dat dit mense hulle vrymoedigheid ontneem, 'n vertrouensverhouding skaad, en agterdog veroorsaak) meestal nie op band opgeneem nie. Daarom is dit in hierdie studie nooit as enigste bron ten opsigte van 'n sekere saak gebruik nie, maar is slegs daarna verwys om sake wat reeds in die literatuurstudie voorkom te staaf en prakties deur te trek.

In die kritiese evaluering van die sienings van die Jehovah-getuies is daar sowel van immanente as van transendente kritiek gebruik gemaak. Om latere herhaling te voorkom, is hierdie kritiek by elke onderafdeling telkens net na die uiteensetting van die Jehovah-getuies se standpunt gegee.

## 1.6 AFBAKENING EN INDELING

Om vas te stel of die Jehovah-getuies 'n onchristelike kulte is of nie, word die studie in drie afdelings verdeel. In Afdeling I ("Kultes") word eers op die eienskappe van kultes in die algemeen ingegaan (hfst. 2), voordat die Jehovah-getuies daaraan gemeet word (hfst. 3). Sodoende kan vasgestel word of die Jehovah-getuies volgens die eienskappe wat hulle vertoon 'n kulte genoem kan word of nie.

In Afdeling II ("Geskiedenis") word die Jehovah-getuies se geskiedenis eers in die algemeen behandel (hfst. 4), waarna die geskiedenis van hulle profesieë asook sekere leerstellige tendense nagegaan word (hfst. 5). Hier word die vraag dan bespreek of die organisasie deur sy geskiedenis as onchristelike kulte uitgewys word of nie.

In Afdeling III ("Leerstellings") word eers gekyk of die godsbeskouing van die Jehovah-getuies Bybelgetrou en as Christelik getipeer kan word (hfst. 6). Daarna word op ander belangrike leerstellings ingegaan wat hulle Christologie, soteriologie en eskatologie insluit, asook etiese vraagstukke, hulle Bybelvertaling en hulle houding teenoor die Christelike kerke (hfst. 7). Hieruit word dan 'n gevolgtrekking gemaak of die leer van die Jehovah-getuies onchristelik is of nie.

Uit die hele ondersoek word ten slotte 'n gevolgtrekking gemaak oor die probleemstelling of die Jehovah-getuies 'n onchristelike kulte is of nie (hfst. 8).

Aangesien die studie so 'n omvangryke veld dek, word nie onnodig stilgestaan by die wye verskeidenheid menings wat daar binne die Christendom mag bestaan oor spesifieke sake en leerstellings wat behandel word nie. Die studie word beperk tot 'n indringende uiteensetting van die optrede en leerstellings van die Jehovah-getuies, saam met 'n kritiese evaluering daarvan.

AANTEKENINGE BY HOOFSTUK 1

1. "Jehovah se Getuies" sou sintakties ongemaklik gewees het, byvoorbeeld in konstruksies soos "die Jehovah se Getuies" of "die Jehovah se Getuies se leerstellings".
2. In haar boek *Another Gospel* skryf professor Ruth Tucker (1989:15) dat die woord "cult" 'n algemeen aanvaarde woord geword het. Dit is volgens haar onmoontlik om oor die onderwerp van onortodokse godsdienste te werk sonder om dié woord te gebruik.
   Hoekema (1963:373-374) sê dat die term "kulte" 'n meer gespesifiseerde betekenis het as "sekte". Wat onder laasgenoemde verstaan word, hang grotendeels af van 'n mens se persoonlike godsdiensbeskouing.
3. Martin se boek *The New Age Cult* is byvoorbeeld in 1990 in Afrikaans uitgee onder die titel *Die Nuwe Era-Kultus*.
4. Martin (1980:16) definieer 'n kulte as 'n godsdienstige groep wat rondom 'n leier of 'n groep leiers vergader is. Kultes maak aanspraak daarop om die stem van God hier op aarde te verteenwoordig en verwag daarom blindelingse navolging van hulle lede. Hulle verwerp die basiese Bybelse leerstellings of interpreteer dit

verkeerd, al gee hulle voor dat juis hulle leerstellings in ooreenstemming met die Skrif is.

Tucker (1989:16) sê in haar uitgebreide definisie dat 'n kulte 'n godsdienstige groep is wat 'n "profetiese" stigter het wat sogenaamd deur God geroep is om 'n spesiale boodskap deur te gee wat nie in die Bybel self gevind word nie. Om dit "gesagvol" te kan doen, is die leierskapstyl outoritêr, die organisasie word as eksklusief gesien en die gesag daarvan word bevestig deur 'n wettiese lewenstyl en 'n vervolgingsmentaliteit.

Watters (1986a:1) definieer 'n kulte as 'n godsdienstige organisasie wat sentreer rondom 'n mens of groep mense en wat aanspraak daarop maak om God se eksklusiewe kanaal te wees om die waarheid aan die mensdom te bring.

5. Kultes word daaraan uitgeken dat die lede se gedrag, denke, inligting, selfs hulle emosies, taal, lewenskode, hulle siening van God en hulle organisasie, hulle verlossing, lidmaatskap, metode van Skrifverklaring, leerstellings en hulle perspektief op die geskiedenis (wat hulle eie geskiedenis insluit) deur die leier(s) van die groep beheer en bepaal word (vgl. Hassan, 1988:59-67; Lifton, 1961:419-437; Martin, 1980:17-21).
6. Die titel van die Afrikaanse vertaling van Martin (1990) se boek *The New Age Cult* is *Die Nuwe Era-Kultus*. Die titel van Gardiner (1991) se boek is *Die Nuwe Era-Kultus in Suid-Afrika*. Die titel van Nelmapius (1993:19) se artikel in *Rooi Rose* is *Kultusse: godsdienstige gif vir kinders*.
7. Die VAW (1993:418) definieer "kulties" as "(w)at die kultus betref, rakende die kultus".
8. So behandel Müller (1970:22-28) onder andere die Jehovah-getuies in sy boek met die titel *Die vernaamste sektes in ons land*. Die Kommissie vir sektebearbeiding van die N.G. Kerk van Transvaal (s.a.) se heel eerste traktaat in hulle reeks oor "sektebearbeiding" handel oor die Jehovah-getuies. Ook De Bruyn (1974:1) en Van der Walt (1961:47 & 1987:6) verwys na hierdie groep met die term "sekte".
9. Ankerberg en Weldon (1991:55-89), Gruss (1974:9-16), Martin (1992:38-125) en Van Baalen (1975:257-276) behandel al vier onder andere die Jehovah-getuies in hulle onderskeie boeke getiteld *Cult Watch*, *Cults and the Occult*, *The Kingdom of the Cults* en *The Chaos of Cults*.
10. "Die organisasie", "die Wagtoring-organisasie" en "die Jehovah-getuies" word in hierdie studie meestal as sinonieme gebruik om na hierdie groep te verwys.
11. Vergelyk die SAUK-TV1, se program *Agenda* van 05/07/1993 (SAUK, 1993a) en van 24/10/1993 (SAUK, 1993b) oor die optrede van Amerikaanse kultes soos dié van Jim Jones en David Koresh, en Suid-Afrikaanse kultes soos dié van Lester Bloomberg en die Jesus Christus Ambassadeurs.
12. Firet (1974:8) sê die volgende hieroor: "Het belang van het gebruik maken van ervaringswijsheid zal niemand ontkennen . . . Ook in een wetenschappelijk te werk gaande praktische theologie levert de ervaring het belangrijkste materiaal. Dat materiaal moet dan echter systematisch verworven en verwerk worden."
13. Selfs in die tyd wat *Die Wagtoring* (*The Watchtower*) en die *Ontwaak!* (*Awake!*) nog nie in Afrikaans verskyn het nie, word in Afrikaans na hierdie tydskrifte verwys. Dit is in ooreenstemming met die metode wat die Jehovah-getuies self in hulle literatuur gebruik.
14. *Die Wagtoring* en die *Ontwaak!* verskyn beide twee keer per maand en dien as belangrike kanale vir die Jehovah-getuies om hulle idees te versprei.
15. Die datum word gegee volgens die metode wat onder andere in Suid-Afrika in gebruik is, naamlik eers die dag, dan die maand en daarna die jaartal, en nie volgens die Amerikaanse metode (wat in die Jehovah-getuies se geskrifte gebruik word) van eers die maand en dan die dag en daarna die jaartal nie.